

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Geloof, Koinonia en Getuienis

Jaargang 19

3de Kwartaal 2018

MY KUIER BY PARYS-WES

Ek het my praktiese werk as teologiese student vanaf 14 Januarie vanjaar hier by Parys-Wes gedoen. Hierdie faset van my studies en ook my lewe eindig op 30 September wanneer ek teruggaan universiteit toe vir my finale eksamens.

Toe ek gevra is om iets vir die Posduif te skryf, het ek baie gewonder waarom ek kan skryf. Daar het sover so baie dinge in hierdie jaar gebeur dat ek eintlik nie heeltemal weet wat om uit te lig nie. Daar het wel 'n paar dinge vir my uitgestaan in die gemeente wat ek persoonlik baie waardeer het.

Tydens my verblyf het ek ervaar dat daar werklik liefde onder die mense van die gemeente is. Dis iets wat ek nog op baie min plekke ervaar het, maar dit is een van die dinge wat 'n baie groot indruk op my gemaak het. Dit het my ook uitgedaag om te kyk hoe ek in my eie lewe optree. Ek is oortuig dat die mense van die



gemeente God se liefde uitstraal en Sy hande en voete in die gemeenskap is.

Die gemeente het my van dag een af laat welkom voel. Ek is betrek by alles wat die gemeente aangepak het en dit was regtig vir my 'n voorreg om in die gemeente se projekte te kon deel. Deur al hierdie dinge wat die gemeente aangepak het, het ek soveel nuwe mense leer ken en ek kan met sekerheid sê dat ek hulle nooit sal vergeet nie. Elke persoon het iets in my lewe ingebou.

Ek kan nie werklik 'n besondere gebeurtenis uitsonder nie maar op die ou einde was dit die mense wat vir my uitgestaan het. Elkeen met wie ek te doen gekry het, was daarop ingestel om my te help met wat ook al ek gevra het. Ek is regtig dankbaar daarvoor. Wanneer ek sê gehelp het, bedoel ek nie net fisies met projekte waarby ek betrokke was nie. Soveel mense het werklik in my menswees ingebou en my gehelp om as mens te groei.

So, om hierdie gedeelte saam te vat wil ek net sê dat ek dink dat Parys-Wes se mense hulle roeping, as volgelinge van Christus, uitleef in die alledaagse lewe. Dis mense met warm harte en 'n groot liefde vir God en ek is dankbaar dat ek iets van julle wêreld kon ervaar in hierdie tyd wat ek by jul was. Baie dankie daarvoor.

Bernard van Wyk

NUWE INTREKKERS

Die volgende nuwe lidmate het die afgelope kwartaal by die gemeente aangesluit. Van hulle is dalk al 'n rukkie hier terwyl ander pas ingetrek het. Baie welkom aan elkeen van julle en ons vertrou dat jul verblyf in ons gemeente geseënd sal wees en dat julle goed sal inskakel. Die beste manier om dit te doen is om betrokke te raak. Vra gerus vir Annelie of Dries by die kerkkantoor waar jul kan inskakel.

Naam	Van	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontaknr
Fanie en Cornelia	Holtzhausen	Middelburg-Suid	Plaas Rietpoort 518, Parys	Koppieskraal	083 3796709 / 082 871 3219
Johan	Opperman	Wonderpark, Pretoria	Schoonhof 7, Parys	Schoonwinkel	082 774 0144
Fanie	Barnard	Northam, Limpopo	Readingstraat 13	Reading	076 544 9860
Ronél	Faber	Northam, Limpopo	Readingstraat 13	Reading	082 966 2964

DIE DOOP

Dit is telkens 'n besondere geleentheid as daar kindertjies by Parys-Wes gedoop word. Baie geluk aan die twee dogtertjies wat hul name hier by ons kom kry het en ook aan die ouers en grootouers. Ons weet hulle gaan vir julle 'n groot vreugde wees.

Van	Naam	Doopdatum	Geboortedatum	Ouers
Bekker	Karli	10 Junie 2018	2 Desember 2017	Maans en Marlene Bekker
Malan	Ava	09-Sep-18	20-Nov-17	Eugene en Natasha Malan

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Baie geluk vir die dag en seën vir die nuwe lewensjaar. “Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!” Rom 15:13

JULIE:

- 16 – Madelief Wolmarans (83): Dit gaan goed. Het baie stof tot dankbaarheid!
 20 – Chrissie Boshoff (83): Griep gehad maar dit gaan nou weer beter. Knieë pla, maar sy gaan aan.
 24 – Bettie Smit (80): Dit gaan goed. Geen klagtes nie.
 30 - Nicolette Terreblanche (86): Pyne pla maar baie, verder gaan dit redelik. Vra dat ons vir haar moet bid.

AUGUSTUS:

- 09 – Babes Renney (81): Dit gaan baie goed, sy het nog genoeg krag om te doen wat sy moet doen!
 12 – Ria Oosthuizen (85): Word in AMOT versorg.
 23 - Bettie Fullard(85): Dit gaan baie goed. Haar gesondheid is nog goed en sy het baie om voor dankbaar te wees.
 25 – Ina Mulder (82): Sy kuier vir ses maande in Amerika.
 30 - Ester Reynecke (82): Gaan baie goed. Rug pla, maar verder baie geseënd.

SEPTEMBER

- 08 – Christo Cilliers (80): Gaan baie goed, het nie klagtes nie.
 09 – David Sussens (83): Gaan redelik goed. Pyne en kwale van die ouderdom kom, maar hy gaan nog aan.
 09 – Johan Schultz (89): Gaan goed. Geniet nog goeie gesondheid.
 12 – Vissie Visser (80): Rug pla 'n bietjie, maar verder gaan dit baie goed.
 15 – Leentjie Meyer (81): Dit gaan baie goed.
 16 – RW Smith (81): Dit gaan goed met hom en sy gesondheid. Bly lekker in Sally Martinpark.
 18 – Hennie Wentworth (81): Gaan goed. Dingetjies wat pla maar is nog goed aan die gang.

- 23 - Boetie van Niekerk (80): Gaan goed, het geen klagtes nie.
 25 – Neels Mathee (80): Gaan goed. Rug pla 'n bietjie maar leef daardeur.
 28 – Albert Mitchell (80): Gaan goed. Loop bietjie moeilik as gevolg van rug, maar gelukkig geen pyn nie.
 29 – Elsa Enslin (85): Gesondheid nie van die beste nie, maar maak die beste daarvan!
 30 – Hennie Geldenhuys (82): Baie siek. Hy is sedert 22 Junie indie Intensiewe Sorg-eenheid van die hospital nadat hy geval het.

BRIEF VAN DIE KERKRAAD AAN DIE GEMEENTE

Liewe gemeente,

Die ou spreekwoord sê dat 'n ingeligte gemeente beter funksioneer as die oningeligte. Vir dié rede het die Kerkraad besluit om u op hoogte te bring van die finansiële posisie van ons pragtige Gemeente, Parys-Wes.

Eerstens 'n kort oorsig van die laaste twee jaar se finansies.

Finansiële Opsomming	
2016: Tekort van R114 799 op begroting	
2017 / 2018: Surplus van R100 389 op begroting	
Huidiglik: - Einde Augustus 2018: Surplus R178 200.00	

Inkomste	2018/19	Uitgawes	2018/19
Mar 2018	R 98 581.00	Mar 2018	R 115 765.00
Apr 2018	R 167 160.00	Apr 2018	R 119 105.00
Mei 2018	R 114 174.00	Mei 2018	R 135 226.00
Jun 2018	R 101 867.00	Jun 2018	R 119 322.00
Jul 2018	R 172 011.00	Jul 2018	R 112 613.00
Aug 2018	R 266 567.00	Aug 2018	R 140 129.00
	R 920 360.00		R 742 160.00

Groter uitgawes (Reeds afgehandel)	
Behandeling vir termiete	R 9 936.00
Onderhoud ou pastorie	R 8 000.00

Nuwe inkomstebron	
Telkom nuwe installasie (Maandeliks)	R 3 500.00

UITSTAANDE ONDERHOUD

Die saal se dak

Die saal se dak moet aandag kry. Die waterlekkie is behandel maar die dak moet met roeswerende middels behandel en dan geverf word. Dit is in die proses om aandag te kry. Die verwagte herstelkoste is R24 526.00

Die saal se vloer

Die saal se vloer is in 'n swak toestand en die teëls is besig om te verbrekkel. Ons sal hieraan aandag moet gee. Daar is nog nie vir die herstel van die vloer begroot nie en dit gaan 'n redelike groot uitgawe wees.

FINANSIES – ALGEMEEN

Die gemeentelike aktiwiteite en verpligtinge word hoofsaaklik met die lidmate se maandelikse bydraes befonds. As gemeente is ons dus baie afhanklik daarvan en dus van mekaar! Dit gaan goed onder omstandighede danksy u bydraes en die sukses van funksies soos die basaar, die golfdag, die rolbaldag, ens. Die diensgroepe van die gemeente is ook deurlopend besig om fondse in te samel om hulle aktiwiteite te befonds want die kerk het nie die nodige fondse om die diensgroepe se werksaamhede te ondersteun nie. Die gemeente het ook nie genoeg kerkraadslede om al die wyke maandeliks te besoek nie. Die tekort aan ouderlinge en diakens, asook 'n voorsitter vir die Diensgroep Gemeentebediening, het tot gevolg dat al die aksieplanne nie geïmplementeer kan word nie. Lidmate se samewerking om hul bydraes wel by die kerk te kry, word hoog op prys gestel.

Ons moet dus kyk na planne om 'n hoër inkomste te genereer. Ons sal oneerlik wees indien ons ontken dat ons fondse nie heeltemal na wense is nie. Ons bring graag die volgende onder u aandag en enige insette om die posisie te verbeter, sal hoog op prys gestel word.

1. Ons is deurentyd besig om kerkraadslede te werf vir beter kommunikasie in wyke maar daar is steeds vakatures. Indien u geroepe voel om 'n kerkraadslid of net 'n hulp-diaken (sonder enige vergaderingsverpligtinge) te word, kontak asb die kerkkantoor of sommer vir ds Barry. Ons hoor graag van jou.
2. Dankie aan al die diensgroepe wat hulle kant bring met pannekoek bak, reël van funksies, ens. Die rolbal- en golfdag, die mini- en jaarlikse basaar, die tiende maand-insameling en dies meer is alles projekte wat help om die boeke te laat klop.
3. Die onderhoud van die kerkterrein en -geboue moet gedurig aandag kry maar dit behels groot uitgawes. Van die verbeterings wat u seker self ook reeds gesien het, sluit in die herstel van die lekke in die kerk se dak, die palisade wat gevef is, die 45 verdere nissies by die Gedenkmuur, ens.
4. Die stukkie teerpad op die terrein is met 'n spesiale bydrae spesifiek vir terreinverbetering, befonds.
5. Baie werk op verskillende terreine is ook sonder vergoeding deur gemeentelike gedoen en daarvoor sê ons baie dankie.
6. Die kantoor is twee keer verskuif vir praktiese redes sodat die ou pastorie vir aanvullende inkomste verhuur kon word.
7. Van die tuinwerkers is vervang met tuindienste en herbeplanning van die ander take gedoen.

Dit dan in 'n neutedop is die huidige posisie van die gemeente.

Die Kerkraad het die vrymoedigheid om u samewerking met die volgende te vra om Parys-Wes finansiëel op 'n gesonder vlak te plaas:

MAANDELIKSE BYDRAES en skenkings waarsonder ons nie kan funksioneer nie

- Ons vra u om, indien omstandighede dit toelaat, te kyk na 'n moontlike verhoging van u maandelikse bydrae.

- Ons sukkel met die insameling van bydraes weens 'n tekort aan kerkraadslede. Help ons asseblief daarmee deur u bydrae of donasie Sondagoggend in 'n koevert in die kollekesakkie te plaas of om dit by die kerkkantoor in te betaal. Skryf asseblief u naam en die wyk se naam op die koevert sodat u bydrae aangeteken kan word. Dankie aan die wat dit reeds doen.

- U kan dit ook oorweeg om 'n aftrekorder vir u maandelikse bydrae te teken om ons so met die beplanning en begroting vir die gemeente te help. Indien u wel 'n aftrekorder het, kan u dit dalk verhoog.

Die bankbesonderhede is soos volg:

Bank – ABSA; Tjekrekeningnommer: 11 305 800 48; Takkode: 632 005;
Verwysing: Jou naam en van asook die naam van die wyk.

Ons glo u samewerking word weerspieël in Matteus 5 vers 3. “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

Ten slotte: Ons gemeente se finansies lyk tans goed maar daar is altyd uitdagings. Ons sal moet beplan vir die toekoms. Nogmaals baie dankie vir u ondersteuning en samewerking tot eer van ons Skepper.

VROETELKOMBERSIES VIR ALZHEIMERSLYERS

'n Televisieprogram oor die behoeftes van Alzheimerlyers het daartoe gelei dat die Breien hekelgroep besluit het om vroetelkombersies te maak. Dit is bekend dat Alzheimerlyers graag met hulle hande vroetel. Met 'n vroetelkombersie op die skoot hou dit die hande besig



en dit help ook om hulle geheue te prikkel en om belangstelling in hulle omgewing te behou. Die kombersies word gemaak van katoenmateriaal vir die bokant en flenniemateriaal vir die onderkant sodat dit sommer ook lekker warm kan wees. 'n Verskeidenheid van items in helder kleure en van

verskillende teksture word stewig op die kombesies vasgewerk sodat die Alzheimerlyers daarmee kan “speel”.

Die Brei-en hekelgroep was juis op soek na ‘n nuwe projek wat ‘n verskil kan maak en het toe met groot entoesiasme begin om sulke kombesies te maak. Elke persoon het eie inisiatief gebruik in wat aan die kombesies vasgewerk is en dit was baie interessant om te sien wat na vore gekom het. Knope, krale, ritse, materiaal met verskillende teksture en selfs klein speelgoedjies het ‘n plekkie om die kombesies gekry. Die kombesies is op 22 Junie 2018 aan die Alzheimerafdeling van Najaarsrus geskenk en is met groot dank ontvang.

Die Thabita Diensgroep, waarvan die Brei-en hekelgroep deel is, reageer op behoeftes wat deur die VVA, Lotscha, CTK, Epilepsie SA en ander geïdentifiseer word.

As jy belangstel om deel van hierdie projekte te word, kontak Ina van Wyk (056 811 4948) of sluit gerus op ‘n Dinsdag by hul aan. Hul kom om 14:00 by die pastorie in Grensstraat 2c bymekaar.



DIENSGROEP: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ons Diensgroep is nog aktief besig en daar word maandeliks gewerskaf om ons fondse aan te vul. Dankie ook vir lidmate se gereelde bydraes – dit word opreg waardeer. Klere, beddegoed, speelgoed ens. wat ontvang word, word oordeelkundig verdeel tussen CTK Bethlehem, Sasol Jeugsorgsentrums, VVA en Lindequesdrift, tensy spesifiek aangedui is aan wie skenkings moet gaan.

Prioriteit is sekerlik ons Jeugsorgsentrums; deur ons bydraes kan ons slegs ‘n klein deeltjie bydra tot die kinders se omstandighede – omstandighede waaroor hul geen beheer het nie.



‘n Maandelikse bydrae word aan CTK Bethlehem gegee; die bydrae word aan ‘n plaaslike slaghuis oorbetal en die huismoeder, Elsabé, koop voorraad soos benodig vir hul huis Esterhof. Tans is daar elf seuns, met ouderdomme van 9

– 14 jaar. Ons kon ook gedurende Augustus bydra tot 'n wegbreek-naweek vir die seuns na Meiringskloof, wat hul terdeë geniet het.

Daar word maandeliks ook kospakkies by die twee huise in Sasolburg afgelewer. In beide die seuns- en dogtershuise word daar na 12 kinders omgesien.

Op Sondag, 26 Augustus, het elf dogters vanaf Sasol Jeugsorgsentrum ons gemeente besoek. Die reaksie vanaf ons lidmate was oorweldigend en hulle het hul harte oopgemaak vir hierdie kinders.

Buiten die spontane finansiële bydraes wat aan Corrie, die huismoeder gegee is, was daar ook ander geskenke - produkte en kos wat die dogters kon huistoe vat. Een van die dogters se wens vir 'n nuwe selfoon is selfs verwesenlik deur 'n skenking van 'n weldoener. Na afloop van die erediens is die dogters heerlik bederf by 'n restaurant. Dit was wonderlik om die pragtige dogters by ons gemeente te verwelkom en om ook die dag vir hulle spesiaal te kon maak. Dankie vir elkeen se bydrae!



'n Woord van dank vanaf Corrie en die dogters is ontvang en word aan almal oorgedra, BAIE DANKIE!!

'n Besoek deur die seunshuis sal in die vierde kwartaal gereël word – ons sien uit daarna!

Elke Diensgroep se sukses hang af van die mense wat daarby betrokke is. Terselfdertyd gee dit ons as lede van die gemeente, die geleentheid om iewers 'n positiewe bydrae te lewer. Al wil jy nie vergaderings bywoon nie, kan ons steeds jou insette, bydraes en hande gebruik. Indien jy voel jy wil graag by Diens van Barmhartigheid of een van die ander Diensgroepe betrokke raak, kontak gerus vir Corina Grobbelaar by 082 256 8729 of die kerkkantoor by 056 811 5316.

KERSKOSPROJEK 2018

Parys-Wes het in 2015 met die Kerskosprojek begin en die afgelope drie jaar was ons in staat om aan verskeie gesinne, sover dit kos aanbetref, 'n beter kerstyd te gee. Met die geld wat ingesamel is, was ons in staat om aan ongeveer 25 gesinne beter kospakkies vir die kerstyd te gee. Dit is telkens met groot dankbaarheid ontvang en gebruik. Die



Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid bevestig graag dat die projek vanjaar voortgesit word. Die waarde van 'n kospakkies is ongeveer R280.00 en gemeentelede word vriendelik uitgenooi om weer bydraes vir die 2018-projek te maak. Almal is welkom om een of meer pakkies te borg. Alle bydraes is egter welkom en 'n klompie 10 / 20 / 50 / 100 rande koop ook 'n pakkie.

Bydraes kan tot einde November by die kerkkantoor inbetaal word of jul kan dit in 'n koevert wat gemerk is "Kerskosprojek" in die kollektiebord plaas.

By voorbaat baie dankie vir almal se ondersteuning van die projek.

INSPIRERENDE GETUIENIS VAN MYAN SUBRYAN

Die besoek van Myan Subrayan op 2 September 2018, was voorwaar 'n besondere geleentheid. Behalwe vir sy ononderhandelbare geloofsoortuiging wat hy met ons gedeel het, is hy 'n persoon met fyn waarnemings wat hy op 'n humoristiese manier aan sy luisteraars oordra – hy het almal se aandag al die pad gehad!

Gebore in 'n Hindoe-huis in Durban is al Afrikaans wat hy ooit gehoor het, die bietjie wat hy as tweede taal op skool geneem het en vandag praat hy vlot, soos hy dit self beskryf, sy 'Indiër Afrikaans'. In sy soeke na die waarheid, het hy by die Christelike geloof uitgekom en vandag verkoop hy die evangelie, die boodskap van hoop, op 'n unieke manier.

In 'n Hindoe-huis leer jy KARMA: "As jy slegte dinge doen, kry jy slegte dinge terug"

"As

jy goeie dinge doen, kry jy goeie dinge terug."

Dit is gewoon net nie waar nie, daarvan is sy lewe die bewys:

- In 2000 word hy met 'n vuurwapen aangehou en emigreer na Nieu-Seeland.
- Daar aangekom vind hy uit dat hy sy besigheid in Suid-Afrika verloor het, ingeloopeer deur sy eie familie.
- Hy sit in 'n nuwe land met 'n vrou en kind, sonder werk en geld.
- Hy begin vloere was en toilette skoonmaak by Burger King! Soos hy self sê: "Ek het in Tamatiestraat beland"


Maar hy onthou: 2 Tim 1:7: "Die Gees van God maak ons immers nie lafhartig nie..." en beklemtoon dat

- ... ons nie bang moet wees om ons *onbekende* toekoms in die hande van 'n *bekende* God toe te vertrou nie
- ... slegte dinge met goeie mense gebeur
- ... dat ons vry van vrees, angste en negatiewe denke moet leef
- ... wat ons nodig het nie 'n *groot geloof* is nie, maar geloof in 'n *groot God!*

In Nieu-Seeland kry hy die geleentheid om homself te bekwaam as onderwyser en word ook dosent by 'n kontaksentrum vir werkloses. En daar het die Here vir hom geleer wat om vir hierdie mense te gee: HOOP! "H2O Hope to overcome"

Hy was opgewonde omdat hy sy passie gevind het – en dit was net moontlik omdat hyself teenspoed beleef het en deur die Here gewys is hoe om daar deur te kom.

In Nieu-Seeland het hy ook rugby leer ken – 'n sport wat nie baie gewild was onder Indiërs in Durban nie. Dit was immers die sport van 'Apartheid'. Maar daar leer hy ook om te vergewe soos Josef sy broers moes vergewe het (Gen. 50:20). Die Here maak dit vir hom moontlik om vriende te word met voormalige Christen 'All Black'- spelers soos Eroni Clarke en Inga Tuigamala. Toe Inga hom vanweë sy motiveringstyl in 2009 vra om sy boek vir hom te skryf, leer hy die geskiedenis van rugby in die 'Mekka' van rugby in Twickenham ken omdat Inga meeste van sy rugby daar gespeel het.



In 2010 word sy ma baie siek en kom hulle as gesin vir twee maande in Suid-Afrika vakansie hou. Sy kinders was dol gelukkig tussen die nefies en niggies en al die familie en wou net hier bly. Dit was nie 'n oorhaastige besluit nie: hy moes eers werk kry en seker maak dat dit is wat die Here wou hê hy moet doen. Daardie sekerheid het hy gekry.

Aan die einde van 2013 ontmoet hy die hoofafriqter vir Leeus Rugby, Johan Ackermann, en ontvang 'n uitnodiging om met die motivering van sy span te help na hulle afgradering uit die Super Liga. Hy het die Bybel en dele van sy lewensverhaal gebruik om die span aan te moedig om altyd hoopvol te wees. Hy is dankbaar teenoor die Here vir die positiewe impak en invloed wat hy in staat was om te bring.

*"Hy gebruik sy persoonlike lewensreis om Suid-Afrikaners te motiveer om verby die pessimisme en wanhoop, waarvan hulle elke dag in hierdie pragtige land van ons hoor, te kyk. Dit is 'n bemoedigende verhaal van hoe God in staat was om Myan se mislukkings en teleurstelling te neem en dit in goeie dinge te omskep" (Agterblad van sy boek "n Boer maak 'n Plan ...maar jy het 'n Indiër nodig om dit te verkoop!")
Suna Meyer*

Foto: Suna Meyer en Limarie Sinclair saam met Mayan Subrayan

KOMENDE GEBEURE

Afgesien van die normale aktiwiteite van die gemeente, is daar ook 'n paar spesiale geleenthede wat nog tot aan die einde van die jaar plaasvind.

- **Vrydag, 19 Oktober : Funksie vir senior burgers**
- **Woensdag 17 Oktober: Ds Barry se 60ste verjaarsdag**
- **Vrydag, 16 November: 18:00 - Kers Pik-en-Proe**
- **Sondag, 16 Desember: Versoeningsdag by Moedergemeente**
09:10 Vlaghysing
09:30 Geloftediens
- **Sondag, 23 Desember : Gesamentlike erediens by NG Suid**
- **Sondag, 30 Desember : Gesamentlike erediens by NG Oos**

ROLBALDAG – 1 SEPTEMBER 2018

Na twee keer se uitreën en een keer se noodgedwonge uitstel is die dag uiteindelik op Saterdag, 1 September gehou. Dit was 'n heerlike windlose dag en **VEERTIG** inskrywings is ontvang! Die spanne het uit klubspelers gemeng met groentjies bestaan. Daar is 12 koppe gespeel en die uiteindelige wenner was Stienie Brown, Lazuya Serfontein, Jaco Pieterse en Fred. Baie dankie aan Parys Rolbalklub wat hulle fasiliteite



beskikbaar gestel het, almal wat betrokke was, en natuurlik die volgende borge. Ons waardeer julle ondersteuning! 'n Mooi bedrag van R5 786 is ingesamel.

National Roadhouse	Riviera Apteek	Osprey Bemarking
Transatlantis	Ben Reynders	Trudie Cronje
Parys Droogskoonmakers	Old School Diner	Dolco
Bets Joubert	Parys Service Station	Aqua-Win Pure Water
Elineze	Olympia Slaghuis	Verons
Jolandi Potgieter	Spur	Caltrade
Jack's Paint	PNA	Midas
Koos & Esme Uys	Parys Fitment Centre	Grefco

BASAAR – 3 AUGUSTUS 2018

Parys-Wes het weer op Saterdag, 3 Augustus basaar gehou en daar is lekker saam gekuier. Enige basaar of funksies in die gemeente is afhanklik van die ondersteuning van en bydraes uit die gemeente. Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak of die basaar ondersteun het. Of dit 'n pakkie jellie, iets vir die Witolifanttafel, 'n bees, vleis of 'n kontant bydrae was, alles is altyd baie welkom. Die grootte daarvan maak nie saak nie. Dan is daar die mense wat gesorg het dat die bydraes verwerk en verkoop word by die vleisent, die lekkergoed-tafel, die naaldwerktafel, kerrie-en-rys/vetkoektafel en al die ander punte. Pannekoek bly maar altyd 'n basaar gunsteling, net soos die nagereg! Die ontbyte was weereens baie lekker. Baie dankie ook aan almal! Sonder hierdie hulp, ondersteuning en bydraes kan 'n basaar nie gebeur nie. Dit was weer 'n heerlike byeenkoms van ons mense en daar is 'n bedrag van R146 420 ingesamel - sowat R20 000 minder as verlede jaar. Ons is egter steeds dankbaar vir die goeie bedrag, want dit was maar net Genade van BO!!

Foto's van basaar 2018



Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan hansieb@lantic.net. Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306.